Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT | forward together sonke siya phambili saam vorentoe

# Riglyne vir die bestuur van ongeskiktheid weens siekte

(Woordomskrywings vir terme wat in die teks gekursiveer is, word aan die einde van die dokument verskaf.)

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van hierdie dokument | MI0001 |
| HEMIS-klassifikasie | |
| Doel | Om die riglyne aan te dui wat tans vir werknemers beskikbaar is vir die bestuur van ongeskiktheid weens siekte |
| Tipe dokument | Riglyn |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Implementeringsdatum | 1 Januarie 2023 |
| Hersieningsdatum/-frekwensie | Na gelang van noodsaaklike aanpassings |
| Vorige hersienings | |
| Eienaar van hierdie beleid | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid | Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne |
| Goedkeuringsdatum | |
| Goedgekeur deur | |
| Sleutelwoorde | Ongeskiktheid |

**HANDTEKENING**

# 1. Doel

Die doel van hierdie dokument is om kernrolspelers van riglyne te voorsien vir die bestuur van ongeskiktheid weens siekte, en om te sorg dat sodanige bestuur voldoen aan die voorgeskrewe prosedures van die Universiteit Stellenbosch se aangestelde verskaffer van inkomstesekuriteitsvoordele.

Die doeltreffende bestuur van werknemers wat nie kan werk nie vereis 'n multidissiplinêre benadering waarby verskeie rolspelers betrokke is. Dit is noodsaaklik dat ongeskiktheidsaansoeke doeltreffend beplan en bestuur word om 'n positiewe uitkoms te verseker. Die Universiteit se aangestelde versekeraar neem die finale besluit oor enige ongeskiktheidsaansoek.

Indien die proses nie flink bestuur word nie, kan dit die geaffekteerde werknemers in 'n finansiële verknorsing dompel indien hulle siekteverlof uitgeput is (*sien* voordeledokument vir siekteverlofvoordele) en hulle moontlik onbetaalde verlof moet neem in 'n stadium wanneer hulle dit juis nie kan bekostig nie. Die algemene reël is om die proses vir mediese ongeskiktheid aan die gang te sit sodra enige van die gevaartekens by 2.2 hieronder opgemerk word. Dít sal help sorg dat die aansoek hanteer word binne die beskikbare siekteverloftydperk, sowel as binne die voorgeskrewe tydperke wat die versekeraar vir doeltreffende herinskakeling by die werkplek toelaat.

Verlengde voorsiening vir aangetaste werknemers in die werkplek kan veroorsaak dat die versekeraar 'n moontlike ongeskiktheidsaansoek afkeur. (In 2022 was die maksimum tydperk vir voorsiening in die werkplek drie maande ná die laaste datum van aktiewe werk.) Alle moontlike ongeskiktheidsgevalle moet binne drie maande ná die aantasting by die versekeraar ingedien word. Voorsiening in die werkplek behoort slegs oorweeg te word indien die siekte van baie korte duur is, of waar die Universiteit die werknemer vir 'n onbepaalde tydperk in 'n nuwe rol kan tegemoetkom.

# 2. Proses en verantwoordelikhede van kernrolspelers

2.1 Kernrolspelers

Die proses kan deur enige van die volgende rolspelers aan die gang gesit word:

- Lynbestuurder
- Menslike Hulpbronne-praktisyn (MHP)
- Kampusgesondheidsdiens (KGD)
- Werknemer

**HANDTEKENING**

2.2 Aanwysers van moontlike mediese ongeskiktheid

Die aanwesigheid van enige van die volgende aanwysers behoort as gevaartekens beskou te word:

- Lang aaneenlopende siekteverloftydperke van 14 dae of meer
- Toenemende gebruik van gewone siekteverlof
- ’n Onverklaarde afname in produktiwiteit wat die gevolg van ’n chroniese mediese toestand kan wees
- ’n Voortdurende verswakking in prestasie
- Die behoefte aan voorsiening in die werkplek vir langer as ’n maand

Gesprekke tussen lynbestuur, die werknemer en Menslike Hulpbronne (MHP/Werknemerwelwees) behoort so gou moontlik gereël te word.

2.3 Proses

2.3.1 Die lynbestuurder, MHP, werknemer of KGD merk ’n gevaarteken op.
2.3.2 Enige van die rolspelers kommunikeer die moontlikheid van mediese ongeskiktheid aan die welweesbeampte.
2.3.3 Die welweesbeampte beoordeel die meriete. Indien dit nodig is, verwys die welweesbeampte die geval na die Werknemerwelweesprogram (WWP) of Beroepsgesondheid (BG) (of albei) en stel die ongeskiktheidsbeampte in kennis.
2.3.4 Indien dit nodig is, reël hetsy die welweesbeampte of BG ’n arbeidsterapie-assessering (evaluering van funksionele vermoë, of herinskakeling by werkplek).
2.3.5 Die behoefte aan voorsiening in die werkplek word via hetsy WWP of BG aan die lynbestuurder gekommunikeer.
2.3.6 Indien daar ’n moontlikheid van ongeskiktheid bestaan, versprei die ongeskiktheidsbeampte die nodige vorms en dien die voltooide vorms by die versekeraar in.
2.3.7 Die uitslag van die aansoek (goed- of afgekeur) word via die ongeskiktheidsbeampte aan die MHP en BG gekommunikeer.

2.4 Verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers

2.4.1 Lynbestuurders

- Verseker dat werknemers se siekteverlof betyds vasgelê word, met inbegrip van mediese sertifikate waar dit van toepassing is
- Stel die MHP in kennis indien ’n personeellid vir langer as 14 dae na mekaar met siekteverlof was
- Bestuur werksprestasie, waaronder verwysing na WWP vir eerstevlakvoorligting
- Identifiseer werknemers wat enige van die gevaartekens by 2.2 hierbo toon
- Fasiliteer werkplekaanpassings waar dit nodig en moontlik is. Die BG of die welweesbeampte sal die aanbevole werkplekaanpassings kommunikeer.

**HANDTEKENING**

- Help voltooi die nodige dokumente om mediese ongeskiktheid te bestuur

2.4.2 Menslike Hulpbronne-praktisyns

- Stel gereelde afwesigheidsverslae vir lynbestuurders op
- Raadpleeg ander praktisyns oor alternatiewe werkplasing waar dit nodig is
- Meld moontlike aansoeke betyds by WWP aan. Dít behoort gedoen te word wanneer die gevaartekens van moontlike verlengde siekteverlof of verlengde voorsiening in die werkplek die eerste keer opgemerk word.
- Help voltooi die nodige dokumente om mediese ongeskiktheid te bestuur
- Indien die versekeraar 'n aansoek afkeur, fasiliteer moontlike herontplooiing of diensbeëindiging weens ongeskiktheid in oorleg met Werknemerverhoudinge

2.4.3 Werknemerwelweesprogram

- Neem beheer van die gevallebestuursproses
- Aanvanklike gesprekke met lynbestuurder ná verwysing
- Dien as eerste instansie van besluitneming om geval na BG of vir verdere welweesintervensies te verwys
- Stuur moontlike ongeskiktheidsaansoek aan ongeskiktheidsbeampte op grond van voorlopige BG-assessering
- Versoek BG moontlik om funksionele vermoë te evalueer
- Lê alle gevalle op die voorgeskrewe databasis vas
- Staan BG by met geskeduleerde opvolgwerk en deurlopende monitering

2.4.4 Beroepsgesondheid

- Dien as tweede instansie van voorlopige assessering van moontlike ongeskiktheidsgevalle
- Skakel met betrokke gesondheidsberoepslui om die omvang en duur van die ongeskiktheid, die prognose oor terugkeer werk toe sowel as die maksimum moontlike mediese verbetering te bepaal
- Versoek die betrokke gesondheidsberoepslui moontlik om funksionele vermoë te evalueer of met herinskakeling by die werkplek te help
- Neem besluite oor geskiktheid vir werk

2.4.5 Ongeskiktheidsbeampte

- Stel die Universiteit se aangestelde versekeraar van 'n moontlike ongeskiktheidsaansoek in kennis
- Stuur die toepaslike vorms aan die werknemer en tersaaklike rolspelers om te voltooi
- Staan lynbestuurders by om nodige dokumente vir 'n ongeskiktheidsaansoek te voltooi
- Dien die korrekte en volledig ingevulde dokumente by die versekeraar in
- Dien as amptelike skakelbeampte tussen die Universiteit en die versekeraar
- Kommunikeer die uitslag van die aansoek aan die werknemer en tersaaklike rolspelers

**HANDTEKENING**

- Skakel en volg op met die versekeraar waar dit nodig is

2.4.6 Werknemer

- Lê siekteverlof en mediese sertifikate op die Oracle-stelsel vas
- Bespreek enige moontlike herontplooiing of sit die ongeskiktheidsaansoekproses aan die gang indien enige van die gevaartekens werksproduktiwiteit benadeel
- Staan die ongeskiktheidsbeampte en versekeraar by om die vereiste vorms en stawende mediese dokumente vir die ongeskiktheidsaansoek te voltooi en te voorsien

## 3. Definisies

Hieronder volg definisies vir van die vernaamste terme en konsepte wat gedurende die mediese ongeskiktheidsproses gebruik word:

3.1 Chroniese siektes of aandoenings
Siektes of aandoenings wat as langtermyngesondheidskwessies gediagnoseer word, soos diabetes, asma, major depressiewe versteuring, en rumatoïede artritis

3.2 Ongeskiktheid in die konteks van werknemervoordele
Die Universiteit Stellenbosch se huidige ongeskiktheidsvoordeel is ’n maandelikse inkomstevervangingsvoordeel van 75% van koste van indiensname, wat van toepassing is vandat die versekeraar die werknemer as ongeskik vir werk begin beskou, hoewel tot ’n maksimum van koste van indiensname minus inkomstebelasting volgens die versekeraar se berekeninge. ’n Drie maande lange wagtydperk is van toepassing vanaf die ongeskiktheidsdatum tot en met die eerste betaling. Werknemers wat deur die versekeraar as ongeskik vir werk geklassifiseer word, ontvang die voordeel via die Universiteit se betaalstaat.

3.3 Ongeskiktheid in die konteks van indiensneming
’n Fisiese of geestesaantasting, hetsy lang- of korttermyn, wat ’n werknemer se vermoë om by die Universiteit in diens geneem te word of in die werkplek by die Universiteit te vorder aansienlik belemmer

3.4 Aantasting
’n Aansienlike afwyking in, of fisiese of funksionele verlies van, enige liggaamstruktuur of -funksie by ’n individu met ’n gesondheidstoestand, versteuring of siekte

3.5 Ongeskiktheid
’n Werknemer se versuim of onvermoë (of albei) om volgens die Universiteit se vasgestelde standaarde te presteer

3.6 Ongeskiktheid weens siekte (soms ook “mediese ongeskiktheid”)
Waar ongeskiktheid volgens die definisie by 3.5 aan siekte of besering toe te skryf is

**HANDTEKENING**

3.7 Siekteverlof
Werknemerafwesigheid weens siekte of besering soos wat die werkgewer ooreenkomstig die bepalings van die dienskontrak toelaat

3.8 Werkplekvoorsiening
'n Aanpassing aan 'n pos of werksomgewing om individue met gestremdhede of aantastings in staat te stel om hulle pligte uit te voer. Voorsiening kan gespesialiseerde toerusting, veranderinge aan die werksomgewing of aanpassings aan werkroosters of -verantwoordelikhede insluit.


## 4. Stawende dokumente en skakels

4.1 Bylaag A: Vloeidiagram van die proses

4.2 Voordelebeleid

4.3 Inligtingsgrafiek van die versekeraar se proses

## Bylae A – Ongeskiktheidseisvloeidiagram




HANDTEKENING